SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE V1

2016

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs blou of swart ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1 30 PUNTE – 20 MINUTE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.

1.1.1 Inkomste ontvang uit die uitvoer van goedere en dienste, staan as … bekend.

A lekkasies
B inspuitings
C investering

1.1.2 Vooruitskatting van onbekende data, gebaseer op 'n patroon van bekende data, staan as … bekend.

A die amplitude
B 'n tendens
C ekstrapolasie

1.1.3 Lande met fundamentele betalingsbalansprobleme kan by die … om finansiële hulp aansoek doen.

A Internasionale Monetêre Fonds
B Federale Bank
C Reserwebank

1.1.4 Die minibegroting wat oor 'n tydperk van drie jaar strek en in Oktober elke jaar ter tafel gelê word, staan as die … bekend.

A hoofbegroting
B mediumtermyn-bestedingsraamwerk
C korttermynbegroting

1.1.5 Owerheidsbesteding maak deel uit van die … beleid.

A monetêre
B fiskale
C Reserwebank se

1.1.6 'n Belangrike oogmerk van nywerheidsontwikkeling is om …

A invoere te vermeerder.
B ekonomiese groei uit te brei.
C buitelandse hulp uit te brei.

1.1.7 Die landswye staatsingrypingsplan om werksgeleenthede vir armes en kwesbares te skep, staan as die … bekend.

A Uitgebreide Openbarewerkeprogram
B Nywerheidsbeleid-aksieplan
C Strategiese Investeringsprogram

1.1.8 'n Hoë lewenspeil hou direk verband met …

A goeie onderwys.
B lae ekonomiese groei.
C 'n daling in besteding. (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Disekwilibrium	A	staan ook as die arbeidsmag bekend
1.2.2	Ruilvoet	B	bestaan uit ondernemings wat soortgelyke produkte produseer/vervaardig
1.2.3	Bewegende gemiddeldes	C	stel die reële vloei in die ekonomie voor
1.2.4	Vryhandel	D	maak korttermynfluktuasie in ekonomiese data gelyk
1.2.5	Totale geldvoorraad	E	verskaf goedere en dienste stiptelik volgens die verlangde hoeveelheid en kwaliteit
1.2.6	Effektiwiteit	F	vergelyk 'n land se uitvoerpryse met sy invoerpryse met behulp van 'n indeks
1.2.7	Ekonomies bedrywige bevolking	G	wanneer lekkasies meer as inspuitings is
1.2.8	Nywerheid	H	afwesigheid van hindernisse en beperkings
		I	bestuur deur die Reserwebank

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Rekening in die betalingsbalans wat inligting oor beleggings wat Suid-Afrikaners in ander lande gemaak het, bevat

1.3.2 Primêre deelnemers en eienaars van die produksiefaktore

1.3.3 Die wêreldwye interaksie van ekonomieë

1.3.4 'n Aanwyser wat die aantal babas meet wat voor die ouderdom van een jaar sterf

1.3.5 Ruimtelike gebiede wat spesifieke voordele aan myne en besighede langs 'n bepaalde handelsroete bied

1.3.6 Die staat se plan vir inkomste en besteding vir die komende fiskale jaar (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE makro-ekonomiese doelwitte van die staat. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan die Reserwebank rentekoerse gebruik om die ekonomie te stimuleer? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: Stats SA, Junie 2015]

2.2.1 Watter instelling het die inligting in die grafiek hierbo gepubliseer? (1)

2.2.2 In watter kwartaal van 2014 het Suid-Afrika 'n positiewe verandering in die BBP ervaar? (1)

2.2.3 Wat is die implikasies van onlangse tendense in die BBP wat tussen 2011 en 2014 plaasgevind het? (2 x 2) (4)

2.2.4 Verduidelik die belangrikheid van die BBP as ekonomiese aanwyser. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PARASTATALE (SBO's) 'N LAS OP SA SE TOEKOMS

Die finansiële welstand van die land se parastatale (staatsbeheerde ondernemings) is in 'n verknorsing. Hulp wat in die toekoms deur die parastatale (SBO's) benodig gaan word, is een van die drie hoofbedreigings vir Suid-Afrika se ekonomie. Die ander twee is ekonomiese groei wat swakker as verwagting is en openbaresektor-loonooreenkomste wat meer as inflasie is. Radikale verandering is nodig om ons fiskale toekoms te verseker.

Party mense meen dat privatisering die enigste opsie is. Eskom is die grootste ontvanger. Dit het tot op hede R350 miljard in waarborge ontvang en het R144,5 miljard geleen. Die padagentskap, Sanral, het waarborge ter waarde van R38,9 miljard ontvang en R30,2 miljard daarteen geleen. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens is ook op die rand van bankrotskap.

[Aangepas uit *Mail & Guardian*, 27 Februarie 2015]

2.3.1 Identifiseer TWEE parastatale (SBO's) in die uittreksel. (2 x 1) (2)

2.3.2 Verduidelik die begrip *privatisering*. (2)

2.3.3 Hoe bedreig die swak finansiële welstand van parastatale (SBO's) die ekonomie van Suid-Afrika? (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik hoe die privatisering van ondernemings in staatsbesit (SBO's) ons fiskale toekoms kan beveilig. (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen *leidende* en *sloerende aanwysers*. (2 x 4) (8)

2.5 Hoe kan ondoeltreffendhede (oneffektiwiteite) wat tot openbaresektor-mislukking bygedra het, opgelos word? (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE regstellende metodes wat deur die staat gebruik word om die wanbalanse van die verlede reg te stel. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe word ontwikkelende lande deur globalisering uitgedaag? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SA STAALNYWERHEID IN KRISIS

ArcelorMittal SA het die jongste slagoffer van dalende staalpryse en afnemende vraag geword. Sommige van die redes hiervoor is: goedkoop invoere, die devaluasie van China se geldeenheid, gereelde kragonderbrekings, gewelddadige nywerheidsoptrede, ontoereikende infrastruktuur en stygende produksiekoste.

Die staalnywerheid staan voor 'n krisis; die media praat van 'n werksgeleentheid-bloedbad, veral in kleiner maatskappye. Hierdie maatskappye is diep in die skuld en veg om oorlewing.

[Aangepas uit *Business News*, 14 Oktober 2015]

3.2.1 Gee EEN rede vir die dalende staalpryse. (1)

3.2.2 Wie is Afrika se grootste staalprodusent? (1)

3.2.3 Waarom, dink jy, het China sy geldeenheid gedevalueer? (2)

3.2.4 Wat was die gevolg van die devaluasie van China se geldeenheid op Suid-Afrika se staalbedryf? (2)

3.2.5 Na jou mening, wat kan die Suid-Afrikaanse regering doen om die negatiewe gevolge van hierdie krisis te verminder? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BRICS-LANDE SAL GELYKE KAPITAALBYDRAES TOT DIE NUWE ONTWIKKELINGSBANK MAAK

Die Nuwe Ontwikkelingsbank BRICS (NOB BRICS), voorheen die BRICS-ontwikkelingsbank, is 'n multilaterale ontwikkelingsbank wat deur die BRICS-lande bedryf word as 'n alternatief tot die Wêreldbank en die Internasionale Monetêre Fonds.

Kapitaalvorming van die Nuwe Ontwikkelingsbank (NOB), waarvan die hoofkantoor in Sjanghai is, sal gelykop deur die vyf BRICS-lande gedeel word. Die aanvanklike uitgereikte kapitaal sal VSA$50 miljard wees. Die doel van die bank is om hulpbronne vir infrastruktuur en volhoubare-ontwikkelingsprojekte in BRICS- en ander ontluikende ekonomieë en ontwikkelende lande te mobiliseer. Elke deelnemende land hou 'n gelyke getal aandele en gelyke stemreg, en nie een van die lande sal die vetoreg hê nie.

[Aangepas uit *Business News*, 16 Oktober 2015]

3.3.1 Identifiseer EEN land wat deel van BRICS uitmaak. (1)

3.3.2 Watter lidland stel daarin belang om 'n kernkragooreenkoms met Suid-Afrika aan te gaan? (1)

3.3.3 Verduidelik die begrip *ontluikende (opkomende) ekonomieë*. (2 x 2) (4)

3.3.4 Hoe kan Suid-Afrika voordeel uit die Nuwe Ontwikkelingsbank BRICS trek? (2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe kan spesiale ekonomiese sones (SES's) tot streeksontwikkeling bydra? (4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE metodes van invoervervanging. (2 x 1) (2)

4.1.2 Waarom is nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika noodsaaklik? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HOE MEER JY VERDIEN, HOE MEER GAAN JY BETAAL

Die minister van finansies het gedurende die 2015/16-begrotingsrede verligting vir laer-inkomste-verdieners en verhoogde belasting vir hoër-inkomste-verdieners aangekondig. Byvoorbeeld, mense wat meer as R37 000/maand verdien, gaan meer betaal, terwyl mense wat minder as dit verdien, in werklikheid effens minder belasting gaan betaal.

In teenstelling betaal 8 500 000 mense wat as belastingbetalers geregistreer is, geen belasting nie. Maatskaplike toelaes word aan 17 miljoen mense betaal – dit is waarom ons nog 'n lang pad het om te loop om meer gelykheid in hierdie land te kry.

BELASTINGKOERSE VIR DIE BELASTINGJAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2016

BELASBARE INKOMSTE VAN INDIVIDUE (R)	BELASTING BETAALBAAR (R)
0 tot 181 900	18% van belasbare inkomste
181 901 tot 284 100	32 742 + 26% van belasbare inkomste bo 181 900
284 101 tot 393 200	59 314 + 31% van belasbare inkomste bo 284 100
393 201 tot 550 100	93 135 + 36% van belasbare inkomste bo 393 200
550 101 tot 701 300	149 619 + 39% van belasbare inkomste bo 550 100
701 301 en meer	208 587 + 41% van belasbare inkomste bo 701 300

Die belastingdrumpels vir 2015/2016 is:
Belastingbetalers onder die ouderdom van 65 jaar – R73 500
Belastingbetalers van 65 jaar en ouer – R114 500
Belastingbetalers van 75 jaar en ouer – R128 500

[Bron: *SAID 2015/16 – Inkomstebelastinghandleiding*]

4.2.1 Na watter belastingskaal word in die opskrif van die uittreksel verwys? (1)

4.2.2 Watter belangrike element van regstelling kom in die uittreksel voor? (1)

4.2.3 Verduidelik die negatiewe uitwerking van hoë belastingkoerse. (2 x 2) (4)

4.2.4 Bereken die belasting betaalbaar deur 'n persoon met 'n belasbare inkomste van R200 000 per jaar. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ARMOEDE EN WELVAARTVERSPREIDING



- Volgens Wêreldbankstatistiek het die persentasie Suid-Afrikaners wat onder die armoedegrens (broodlyn) leef, van 38 persent in 2000 tot 23 persent teen 2006 gedaal.
- Inkome-ongelykheid het egter in die teenoorgestelde rigting beweeg. Suid-Afrika se Gini-koëffisiënt, wat reeds redelik hoog was – hoofsaaklik as gevolg van die nalatenskap van apartheid, het aanskou hoe inkome-ongelykheid sedert 2009 drasties toegeneem het.
- Suid-Afrika het een van die hoogste koerse van ongelykheid in die wêreld. Terwyl daar tradisioneel baie op ongelykheid tussen *rasse* gefokus is, het ongelykheid in elke *rassegroep* toegeneem.

[Bron: *Wêreldbankverslag 2015*]

4.3.1 Watter internasionale instelling het die data verskaf in die uittreksel? (1)

4.3.2 Wanneer het inkome-ongelykhede in Suid-Afrika drasties begin styg? (1)

4.3.3 Watter indeks beskryf die persentasie van die bevolking wat onder die armoedegrens(broodlyn)-inkomste lewe? (2)

4.3.4 Gee 'n rede waarom armoede in Suid-Afrika tussen 2000 en 2006 afgeneem het. (2)

4.3.5 Wat is die verband tussen die *Lorenz-kurwe* en die *Gini-koëffisiënt*? (2 x 2) (4)

4.4 Onderskei tussen die *geldmark* en die *kapitaalmark*. (2 x 4) (8)

4.5 Na jou mening, hoe kan Suid-Afrika se monetêre beleid tot 'n groter ekonomiese groeikoers bydra? (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/ Lei af/Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder om enige feite wat reeds genoem is, te herhaal • Enige opinie of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 40 MINUTE**

In die wêreldekonomie streef lande daarna om meer uit te voer as wat hulle invoer om die voordele van internasionale handel te maksimaliseer.

- Ondersoek die aanbodredes vir internasionale handel. (26)
- Gebruik 'n grafiek en verduidelik hoe 'n styging in uitvoere na die VSA die waarde van die rand sal beïnvloed. (10)

[40]

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Die jaarlikse ontleding van lande se ekonomiese prestasie is baie belangrik. Dit word deur internasionale instellings en regerings gedoen om te bepaal hoe lande in vergelyking met ander lande presteer het.

- Ontleed die volgende ekonomiese aanwysers wat gebruik word om die prestasie van die ekonomie te meet:
  - Produktiwiteit (maksimum 10 punte)
  - Buitelandse handel (maksimum 16 punte) (26)
- Waarom is vergelykings van lande se ekonomiese prestasie belangrik? (10)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou